

known here Malherbes, du Toits, Retifs, Cochers, and several others, whose names are familiar in France. Besides this, they may be distinguished from the other planters, who are almost all fair, by their brown hair, and the dark colour of their skin."

Franken 1) wat die saak benader van 'n taalkundige standpunt, het die Hollands van die Hugenote nagegaan uit briefies wat hy van hulle kon vind in die argiefstukke. As gevolg hiervan kom hy tot die volgende slotsom: "Teen 1740 is die tweede geslag al lang ver-hollands. Daar is ook geen spoor van vreemde invloed in die taal nie van die episteltjie te onderken nie", (n.l. in 'n brief van Margerita de Villiers, degateur 1740). Hierdie slotsom van Franken stroek heeltemal met wat reeds hoër, op uit ander bronne aangehaal is in verband met die assimilasië van die Franse.

Alhoewel die Frans van die Hugenote dan so te se spoorloos verdwyn het, wil dit nog lank nie gaan beteken dat die Franse g'n invloed gehad het op taal-gebied nie. Behalwe die reste van Frans wat daar vandag nog in Afrikaans is, het die Nederlands van die Franse nêr ook 'n taalklike invloed uitgeoefen - Bosman beskou dit as een van die soorte vreemdelinge-

1) Huisgenoot, 4 Okt. 1920.

Nederlands wat die ontstaan van Afrikaans ten gevolg gehad het. Lees maar wat Pieter Kolbe 1) van die Franse se Nederlands so in 1705:.....want behalven dat sij (d.i. alom en kindermeide aan die Kaap) seer elendig en gebroken Duitsch of om beter te seggen, Hollandsch spreken, en niet in staat zijn, om derelve aan 't kind teleren, weshalve ook de kinderen alhier in den beginne zeer barmhartig Duitsch spreken, bijna als de Franschen, welke de Duitse tale leren." Die laaste 9 woorde het natuurlik betrekking op toestande in Europa.

Dit sal wel deur almal aangeneem word, saam met Bosman 2), dat die grootste invloed van die Franse op die ontstaan van Afrikaans uitgegaan het van die gebroke Franse-Hollands, d.w.s. dit het in dieselfde rigting gewerk - 'n vereenvoudigende, 'n gelykmakende - as al die ander vorme van vreemdelinge-Nederlands.

(c) DIE ORIGE EUROPESE TAALGROEPPE WAT ELK NIE TALRYK GENOEG WAS OM INVLOED UIT TE OEFEN NIE.

Die ander Wes-Europese groepe, wat elkeen op hamself nie talryk genoeg was om as 'n aparte groep invloed uit te oefen op die ontstaan van Afrikaans nie,

1) Nauwkeurige Beschrijving van de Kaap de Goede Hoop, deel II, bls 317.

2) Oor die Ontstaan van Afrikaans, bls 119.

het mekaar egter gesterk in dieselfde rigting wat Franse groep gewerk het. Soms was taaltoestande aan die Kaap so dat sommige reisigers die indruk van 'n Babel' gekry het. So skrywe Pieter Kolbe. 1) b.v. in 1705: Met dit beding dient men te weten, dat alhier allerlei talen en landaarder worden aangetroffen, sonder zelfs van die Hottentotten gewag te maken. Men vind dienvolgens Hollanders, Hoogduitsers, en onder deselve die uit Pruisc, Pomeran, Brandenburg, Saxon, Frankenland, Swaben, Westphalingen en Switserland, herwaards zijn afgezakt; wyders Sweden, Denen, Polen, Portugeezen, Franschen, Italianen, Engelschen, Orgaren, en anderen, welke als men ze alle tegelyk, en niet een ieder in 't byzonder in zijne taal hoort spreken, en daarennevens de slaven, die velerhande talen weten, daar onder de Maleische, Malabaarsche, Coylensche, Javaansche, Banjaansche, Amboinesche, Guineesche, Capoverdische enz., daar onder telde, het zekerlijk de verwarring der talen by het hooren het toren van Babel andermaal soude vertonen."

-
- 1) Nauwkeurige beschryving van de Kaap ,
Deel I, blz 70/1.

Kolbe vermeld verder dat al die veelheid van tale elke Europeaan deurmiddel van dy eie taal aan die Kaap kon regkom; as hy dit nie kon nie, dan was dit beste om Hollands te leer, of beter nog Portugees naas Maleis, (Sien aanhaling op bls 108).

In 1772 het die veelheid van tale aan die Kaap blykbaar nog bestaan, al was dit dan net nog onder die amptenare, want Sparrman vertel 1): "Almost at the end of it we met with seven of the Company's servants or soldiers.....were at variance with themselves,Jabbering to me all at once in High Dutch, Low Dutch, Hanoverian, etc. they all endeavoured to make me believe....."

By hierdie groep moet ook nog gereken word die Engelse.

Die laaste groot gebeurtenis van belang vir ons in die 18e eeu, is die kom van die Engelse. Hoe hulle hier gekom het is 'n kwessie van bloot geskiedkundige belang, en is te goed bekend om weer hier te behandel.

Die taalkundige gevolge van hulle kom is egter van belang vir ons, maar omdat die gevolge eintlik eers in die 19e en 20e eeue sigbaar word, gaan ons hier bloot 'n samevatting van vroegste invloede gee.

1) A Voyage to the Cape of Good Hope, 1772/6, deel I, bls 71.

Vandat die Engelse in die land is, bestaan die geskiedenis van die land - suiwer histories sowel as kultuur - vir die grootste deel uit botsinge tussen Boer en Brit (as ons die Bantoe hier vir 'n oomblik buite rekening laat).

Skaars was die Engelman in die land of hy het die Boer en sy taal begin slegmaak (sien b.v. Capt. Percival - in die Inleiding). Hierdie slegmaak politiek het die "veroveraar" dwarsdeur die 19e eeu toegepas, en selfs vandag nog ontmoet ons dit telkens.

Dadelik ook het die Engelse met 'n drukpers begin. De Mist deel in 1802 in sy Memorie (bls 50) mee: "Onder het tegenwoordigh Engelsch Bestuur, is daadlyk een Drukkerij aldaar opgericht, en wordt selfs een Gaasche Courant uitgegevon---van welke dagblad, door een goede hand geschreven, en door eenen gematigten geest bestuurd, een oneindig nut zou te trekken zijn". Eienaardig is dit dat dit altyd een van die eerste dinge is wat die lig sien as die Engelse 'n plek inneem. Vandag sal 'n mens selfs in die kleinste ou Pampoengkloof-dorpie 'n Engelse nuusblad kry - gesteun deur Afrikaners natuurlik, soos hulle maar altyd ge gorieed was om 'n blink uitlandse ding te verwelkom, al eny hulle dan ook hulle eie mede-Afrikaner se nek daarmee af.

Die belangrikste gevolg, vir die tydperk hier onder behandeling, van die koms van die Engelse, is soos de Mist dit so goed uitdruk in sy "Memorie" op bladsy 29: "De overgave der Colonie aan den vijand, verbrak op het zelve oogenblik alle, tot daar aan toe, aanwezig geweest zijnde, betrekkingen tusschen het voormalig Moederland, en deese Volkeplanting."..... Met die gevolg (bis 48): dat men jaaren werk hebben (zal), eer men de Caabenaars, weder Nederlanders kan maaken, en zonder de wedergeboorte van eene nationalengeest, en smaak tot voorkeur van nationale zeden, gewoonte, klederdragt, manufactuuren, ens. ens., durft men zich van alle politieke veranderingen weinig goeds belooven." Is dit dan 'n wonder dat die Nederlandse kultuur vir ons 'n vreemde geword het?

4. DIE INBOORLING TAALGROEP.

(a) Die Boesmans. Een van die inboerlingtale waarmee die Koloniste in aanraking gekom het, was die taal van die Boesmans. Die Boesmans was die Ismaeliete van die land. Weens hulle disfagtige geaardheid was hulle hand teen almal gekant en almal teen hulle.

Hierdie verhouding wat daar van die vroegste jare af bestaan het tussen Koloniste en Boesmans, maak dit dan eintlik 'n bietjie onwaarskynlik dat die aanraking tussen die twee groepe ooit so intens van aard was dat die taal van die een die van die ander kon beïnvloed. Die verhouding van jagter teenoor wild het nie net tussen die Koloniste en die Boesmans bestaan nie, maar ook tussen die Hottentotte en Boesmans. "Die Hottentotte een gedeeltelik ook die kaffers het meermale met gevange Boesmannesdijes getrou en woorde en klank uit die Boesmantaal oorge- neem.....Maar selfs die Hottentotte en die Kaffers het die Boesmans by die wilde diere gereken en hulle soos ongediertes uitgeroep." 1).

Behalwe hierdie vyandige verhouding was daar ook nog 'n ander praktiese moeilikheid wat dit baie onwaarskynlik maak dat die taal van die Boesmans direkte invloed op die taal van die Koloniste kon uitoefen, en dit is n.l. die moeilikheid wat die Europeaners ondervind het, en vandag nog ondervind,

1) Boshoff, Volk en Taal, bls 373.

om die taal van die Boesmans aan te leer. Ons lees van verskillende koloniste wat die Boesmantaal wagtig was, o.a. Der Zweite, Gerrit Vischer, was ein junger achtzehnjähriger mensch, dessen Vater so lange er lebte, immer zu mehrsten mit den Buschmännern unterhandelt, auch in Jahr 1796 den Frieden mit ihnen für das Roggeveld zu stande gebracht hatte. Von ihm hatte er die Sprache dieser Wilden vollkommen erlernt ihn auch immer auf seinem zügen begleitet...."

1). Pa en seun kon dus albei Boesmantaal praat. Lichtenstein vertel verder ook nog van 'n Juffrou Coetzee, 'n suster van Ocker Coetzee: "Dieses Mädchen gewann überdies noch dadurch unser Interesse, dass sie die Sprachen der Buschmänner und kaffern, so wie das Hottentottische, fertig redete. Auch verriet die Reinheit, in welcher sie das Holländisch sprach, und eine gewisse unbefangene Feinheit ihres Betragens mehr Bildung, als wir bei den übrigen Frauen in dieser Gegend angetroffen hatten." 2). "Sulke poliglote was daar stellig nie baie nie," 3) se Professor Boshoff tereg in hierdie verband, want Mej. Coetzee was blykbaar so'n seldsaamheid dat sy die belangstelling van meer as een reisiger gaande gemaak het. Selfs Kommissaris de Mist wat in 1803 die besoek het, vertel: "Jongejuffrou Coetzee verbaasde door de zuiverheid waarmee zij het Hollandsch uitsprak". 4). Boshoff 3) deel verder mee dat hy in "Travels in South Africa" (London 1815) van die reisiger John Campbell, in boer Smit ontdek het wat ook die taal van die Boesmans kon praat.

Opmerklik is dit dat al hierdie voorbeelde van koloniste wat die Boesmantaal kon praat, dateer uit

-
- 1) Lichtenstein, Reisen in Südlichen Africa, II 330. Sien ook Boshoff, Volk en Taal 373.
 - 2) dies. I, 164.
 - 3) Boshoff Volk en Taal, 373.
 - 4) Molsbergen, Reisen in Zuid Afrika, II, 182.

die end van die 18e en die begin van die 19e eeu. Heel waarskynlik was die verhouding tussen die koloniste en Boesmans nie meer so vyandig van aard as eers ná Lichtenstein verstel in sy reisverhaal 1): «Unsre ehre der Colonisten muss hier hinsu-geflügt werden», dass die Buschmänner nicht die min-deste Furcht oder Widerwillen gegen sie zeigten. Im gegentheil bewiesen sie gegen einige darunter, die ihre sprache redeten und die Dolmetscher abroben, besondres Zutrauen..... Disse (die Colonisten) hatten seit einiger Zeit selbst «so viel verkehr mit den Busch-männern gehabt, das sie den altesten und vornehmsten dertelber namen gegeben hatten.» b.v. Cupido, Windvogel, Kakkerlak ens.

Al was daar sommige koloniste wat die taal van die Boesmans magtig was, sog het die meeste koloniste dit nog moeilik gevind om met die Boesmans om te gaan. Lichtenstein verklaar 2): «Unsre Unterhaltung mit dieren geschopfen war Anfangs sehr beschwerlich, in dem sich ihnen keiner der Colonisten, auch keiner unserer Hottentotten verständlich machen konnte».....

Ons kan dus heeltemal met veiligheid aanneem dat die taal van die Boesmans feitelik g'n direkte invloed op die taal van die koloniste kon gehad het. nie.

Is dit moontlik dat die Hollands van die Boesmans invloed kon uitoefen op die taal van die koloniste? Dit lyk my net so onwaarskynlik, want ek het maar 'n paar voorbeelde gekry van Boesmans wat Hollands praat.

1) t.a.p. II, 87/8.

2) dies. 1.189, ook Boshof, Volk en Taal, 373.

Paterson 1) vertel die volgende uit "Bushmen's Land from its being inhabited by Bush Hottentots".
"About ten, in the morning, we saw several natives approaching, armed with bows and arrows, whom we supposed to be Hottentots. One, who spoke Dutch, told me that they had no cattle, and that they lived upon roots and gums." In 1803 vertel Lichtenstein 2) :
Um die lange nacht einigermaßen zu kürzen trat man in ein Gespräch mit der kleinen Buschmännchen, als der einzigen, die noch rede stehen konnte. Das Kind war ganz dreist, und antwortete naiv in gebrochenem mit Hottentottisch und Malayisch gemischten Holländisch. Hierby moet ons rekening hou met die feit dat die verhouding tussen die koloniste en Boesmans van so'n aard was dat direkte verkeer met mekaar tot 'n taamlike mate gestrem was.

Na die verskillende oorewegings lyk dit my dus heeltemal juis om akkoord te gaan met wat Boshoff (Volk en Taal, bls 373) sê n.l.:s So het seker ook enkele Boesmanswoorde via Hottentots in Afrikaans gekom....
Ons kan die Boesmans dus bukte beskouing laat en alleen rekening hou met die Hottentotte en hulle taal".

1) Paterson. *Lieut. W.*: A narrative of Four Journeys, 1777-79 bls 59.

2) Reisen in Südlichen Africa, II, 14.

(b). Die Hottentotte. Van die begin af aan het die koloniste direk in aanraking gekom met die Hottentotte - 'n aanraking wat gedurende die 17e en 18e eeuze taamlik nou en intiem van aard was. Jan van Riebeeck het alles in sy vermoë gedoen om verkeer met die Hottentotte aan te moedig, omdat die koloniste van hulle afhanklik was vir hulle vleisvoorraad.

Hierdie aanraking tussen die koloniste en die Hottentotte het dan ook daartoe aanleiding gegee dat sommige navorsers die ontstaan van Afrikaans daaruit wou verklaar, b.v. Dr. T. Hahn se: "The Dutch Patois can be traced back to a fusion of the country dialects of the Netherlands and Northern Germany, and although phonetically teutonic, it is psychologically an essential Hottentot idiom. For we learn this patois first from our nurses and ayas. The young Afrikaner, on his solitary farm has no other playmates than the children of the Bastard-Hottentot servants of his father and even the grown-up farmer can not easily escape the deteriorating effects of his servants patois" 1).

Ons laat vir 'n oomblik Dr. Hahn se bewering rus om na te gaan wat die verhouding was tussen die

-
- 1) The Science of Language and its study, 1882; vgl ook Cape Times van 29 April, en 1 Mei, 1882. Hierdie aanhaling en opgawe van lektuur het ek van Bosman, oor die ontstaan van Afrikaans, bls 16.

koloniste en die Hottentotte; die koloniste se kennis van die taal van die Hottentotte; die Hottentotte se kennis van Hollands; die moentlike invloed wat uitgegaan het van die Hottentotte op die taal van die koloniste.

Van nature was die Hottentot wars van alle werk. Die enigste werk waartoe van Riebeeck die Hottentotte in die onmiddellike omgewing van die Kaap kon beweeg, was om nou en dan 'n draggie hout van die berghange vir die kok aan te dra vir die dop wyn of 'n sopie arak, of 'n stukkie twak. Hierdie ingebore luiheid - 'n liggaamlike swakheid miskien - en die daaruit spruitende gebrek aan voldoende werkkrigte, het later vir van Riebeeck daartoe beweeg om slawe in te voer om te voorsien in die gebrek.

Die luiheid van die Hottentotte was so in die ooglopend dat verskeie reisigers daarop aanmerkings gemaak het. In 1689 skrywe J. Ovington 1): "Those that can be induc'd to labour, and undergo any toil among the Hottentots, are made slaves of by the Dutch, and employ'd in all servile drudgeries. But their native inclination to idleness and a careless life, will scarce admit of either force or rewards for reclaiming them from that innate lethargick humour."

1) Botha, Collectanea, bls 105, Extract from "A Voyage to Suratte in 1689.

Daar is dus daren tog sprake van sommige onder hulle wat genees is tot werk en sars made slaves of by the Dutch, and employ'd in all servile drudgery"...

In 1691 werk Captain William Dampier 1) op: "As for these Hottentots, they are a very lazy lot of people.....they choose rather to live as their fore-fathers, poor and miserable, than be at pains for plenty." Pieter Kolbe 2) deel in 1705 mee: "So is de luiheid, traagheid of liefde tot ledig-gang wel een dre grootste gebreken, wel men in dese nasien (d.i. Hottentotte) souden kunnen verfoejen". In 1714 skrywe Capt. Daniel Biechman 3): "There are no Hottentot slaves (Vgl die gesegde van J.Ovington uit 1689 - hoer op); for as ignorant and brutish as those people are, they have a great love for liberty, and an utter aversion to slavery. Neither will they hire themselves in your service longer than from morning to night, for then they will be paid, and sleep freemen, and no hireling."

Aangaande die slawerny van die Hottentotte sê Capt. Robert Percival in sy "An Account of the Cape of Good Hope", 1804, op bladsy 291 die volgende: "Very few Hottentots are slaves in proportion to the other races. By an ancient law of the Government, the

-
- 1) Botha, Collectanea, bls. 127, Extract from "A Voyage Round the World".
 - 2) Naauwkeurige beschrywing van die Kaapde Goede Hoop, deel II bls. 120.
 - 3) dies. voetnoot 1, bls 114, Extract from "A Voyage to Borneo in 1714"

Hottentots were exempted from slavery, as being the original possessors of this country".

Uit die aanhaling uit Ovington (1689) en Beeckman (1714) kan ons indirek aflei dat daar tog Hottentotte was wat tot 'n sekere mate gewerk het. Daar is ander reisigers wat hierdie feit direk staaf. In 1691 vertel Capt. William Dampier (sien vorige bladsy voetnoot 1): "These of the Hottentots that live by the Dutch Town, have their greatest subsistence from the Dutch, for there is one or more of them belonging to every house. These do all sorts of servile work, and there take their food and grease" 1) Hessel-ling 2) vertel: "In 't begin van de achttiende eeuw (by Adam Tas en by Kolbe) (plusminus dus 1705, A.J.G.) is al sprake van meer Hottentotten in dienst by vrijburgers; als kinderversorgers sijn de Hottentottinnen dan werksaam en hun mannen sijn als veehoeders in ge-regelde dienstbetrekking". Hierdie gunstige indruk word bevestig deur Beeckman 3) in 1714, waar hy se: "However, they (d.i. die Hottentotte) are servile fellows; they serve in town as porters; neither will they willingly suffer a stranger to carry any burden, but will endeavour to snatch it away in spite of him, and carry where it ought to be, as one of them did to a sailor of mine, crying, you Englishman, you no Hotten-tot".

-
- 1) Botha, Collectanea, bls 126.
 - 2) Het Afrikaners, bls. 17/18.
 - 3) Botha, Collectanea, bls 117.

Author Coetzee A J

Name of thesis Die wording van Afrikaans gedurende die 17e en 18e eeue 1930

PUBLISHER:

University of the Witwatersrand, Johannesburg

©2013

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the University of the Witwatersrand, Johannesburg Library website are protected by South African copyright law and may not be distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

The University of the Witwatersrand, Johannesburg, is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the Library website.